# Die Wapad

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

INULIO

Deel VII. 20 Junie 1952. No. 6.


# HOOGLEERAAR ONVERWAGS OORLEDE

## *Professor J. P. van der Merwe Beswyk na Operasie*

**Saterdagaand 7 Junie om halfses namiddag het ons inrigting 'n groot krag verloor toe prof. dr. J. P. van der Merwe in die Algemene Hospitaal, Pretoria, stil heengegaan het na 'n operasie. Hoewel sy gesondheidstoestand reeds vir 'n geruime tyd veel te wense oorgelaat het, het die slag ons nietemin baie onverwags getref, aangesien hy na die operasie, twee dae tevore, bevredigende vordering gemaak het.**

Gedurende die afgelope twee jaar was sy gesondheidstoestand baie wisselvallig, en veral sedert Februarie 1952 was hy meesal bedlêend. Na 'n eerste operasie gedurende April het hy geleidelik herstel, en daar was alle hoop dat die tweede operasie ewe gunstig sou afloop. Na die operasie Donderdag 5 Junie, was die geneesheer aanvanklik tevrede met die afloop daarvan, maar toe is sy longe ook angetas. Vroeg die Saterdagoggend is mevr. van der Merwe dringend na Pretoria ontbied, want die toestand was uiters kritiek, en in die namiddag het prof. van der Merwe ontslaap.

Veral die universiteitsgemeenskap was diep getref.

**Daar is besluit dat die begrafnis op Dinsdag 10 Junie op die familieplaas Middendeel, distrik Boshof, sou plaasvind.**

**In die roudiens wat tegelykertyd in die hoofgebousaal gehou is, het prof. S. du Toit die lyksrede waargeneem met Ps. 16 as tekswoord, en in besonder vers 9:**

„Want U sal my siel aan die doderyk nie oorgege nei; U sal nie toelaat dat U gunsgenoot verderwing sien nie".

„Hierdie gebeurtenis spreek tot elkeen van ons, hoe jonk ookal, oor die verganklikheid van die mens", was sy besluit.

As waarnemende rektor het prof. J. Chris. Coetzee die woord gevoer, en hom kortliks op prof. van der Merwe se lewensgeskiedenis en lewenswandel toegespits: Hy was jarelank 'n direkteur van Volkskas Bpk., asook lid van die Gereformeerde Kerk se Finansiële Kommissie van Beheer. In hierdie kerk was hy ook lank kerkraadslid. Die opbou en bloei van die fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe, waarvan hy Dekaan was, is grotendeels aan sy bekwame bestuur te danke.

### Presiese Geleerde.

**„Prof. van der Merwe was 'n presiese geleerde," het hy voortgegaan, „soos veral blyk uit sy doktorale proefskrif, wat handel oor die Bataafse Republiek, en as 'n standaardwerk beskou word". Die absolute noukeurigheid in hierdie werk is opvallend.**

In lewe het hy hom geopenbaar as 'n toegewyde Christen. „Nooit sal ek die byeenkoms vergeet wat hy byeengeroep het toe sy oudste seun uit die kloue van die dood gered was nie—die opregte en diepe dankbaarheid wat daar getoon is." Aldus prof. Coetzee.

Dit is 'n groot verlies vir ons universiteit en volk dat hierdie Afrikaner daar nie meer is nie.

---

Meegaande foto is by die begrafnis van wyle Prof. J. P. van der Merwe geneem. Heel links op die foto staan sy broer, Prof. J. S. van der Merwe, een van die twee broers van die oorledene; heel regs staan die rektor, Prof. J. C. van Rooy.



Foto: L. J. Potgieter.

# A.S.O.-ORGANISASIE REEDS IN DIE HAAK

Met heelwat nuwe talent in sy geledere is die Alabama Studente-orkes vanjaar beslis een van die bestes in die afgelope paar jaar.

**Die leier van die orkes, mnr. Flip Snyman, verklaar dat te oordele na die ywer en entoesiasme waarmee elke lid tans oefen mens nie anders kan as om te dink dat die op hande synde toer 'n sukses gaan wees nie.**

Die sale is reeds bespreek, akkommodasie vir die spelers gereël en adverteerdery met plakkate en strooibiljette finaal afgehandel, aldus mnr **Casper v.d. Spuy**, die toerorganiseerder.. Hy deel o.a. mee dat die Suid-Rhodesiërs besonder ywerig meegewerk het om die toerplanne in die haak te bring. Berigte uit die geweste dui daarop dat die Tabakboere die koms van die Alabama met groot entoesiasme afwag. Dit wil voorkom of die orkes wat reeds 'n suksesvolle buiging in Rhodesië gemaak het verlede jaar se netto wins sommer ver gaan oorskry en die £1,000-kerf aan netto wins gaan haal.

---

### WISSELBEKER VIR REDENAARSKOMPETISIE

Na aanleiding vir 'n vesoek aan die Studenteraad is 'n wisselbeker vir redenaarskompetisies aan die plaaslike debatsvereniging geskenk.

Waar tot dusver slegs diplomas uitgereik is aan suksesvolle sprekers gaan deelnemers aan hierdie kompetisie voortaan meeding om 'n beker. In die verlede is redenaarskompetisies soms afgeskeep. Nou egter sal dit 'n jaarlikse instelling word en sal die belangstelling vir die wedstryde beslis toeneem.

Die Reglemente vir die beker sal deur die Debatsbestuur opgestel word.

# *Calvinistiese Uitgewery in Vooruitsig*

**Voorbereidings vir die stigting van 'n maatskappy met die doel om 'n Calvinistiese Uitgewery te Potchefstroom op te rig is reeds afgehandel. Na ons verslaggewer verneem sal die maatskappy op dieselfde grondslae staan as die Teol. Skool en die P.U. vir C.H.O. As werwingsveld sal beskou word die ondersteuners van die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O.**

Die onmiddellike doel van die maatskappy is om eers 'n boekhandel en antikwariaat te konsolideer en wanneer die finansiële posisie dit regverdig, sal tot die oprigting van 'n eie drukkery oorgegaan word. Die publikasie van 'n Calvinistiese maand- of weekblad en gesonde lektuur word in die oog gehou.

Die Trustees het reeds 'n opsie vir die huur van 'n verkooplokaal in Kerkstraat.

Na verneem word is die maatskappy geregistreer onder die naam Pro Regerpers Bpk.

Onder die etlike finansiële beleggers is Mnr. T. Wever, bekende boekhandelaar, uitgewer en drukker van Nederland asook die Gereformeerde Kerk wat, as die saak gesond blyk te wees en die belange van die kerk bevellig word, voorlopig 'n maksimum van £5,000 in die maatskappy sal belê.

'n Aandelekapitaal van £2,500 word beoog.

---

# P.U. WORD KOSBARE KULTUURSKAT RYKER.

**„Ons universiteit het 'n kosbare kultuurbesit bekom in die vorm van 'n aantal mooi pre-historiese rotsgraveringe wat met verlof van die ‚Kommissie tot behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede' uit die distrikte Schweizer-Reneke en Wolmaransstad verwyder is," het mnr. H. C. van Rooy vandag aan „Die Wapad"-verteenwoordiger verklaar.**

Hierdie rotsgraferinge word in die pilaartoppe rondom die biblioteek ingebou en die universiteitsowerhede is van mening dat die wind of weer geen verwering daaraan sal bewerk nie aangesien die graverings in 'n uiters sterk rotssoort gedoen is. 'n Geleerde op hierdie gebied meen stellig dat die graferinge met 'n diamantpunt gedoen is. Dr. Frean van die plaaslike Landboukollege het die saak van hierdie rotsgraveringe onder die aandag van mnr. Van Rooy, diet bibliotekaris, gebring.

Wat die ouderdom, wie dit gemaak het en watter implemente vir die maak gebruik is, is nog altyd 'n raaisel vir die geleerdes. Slegs gissinge word gemaak en met bykans volle sekerheid kan beweer word dat dit geen Boesmantekeninge is nie, dat die ouderdom daarvan baie hoog is en dat dit die werk van 'n ras is wat 'n redelike mate van intelligensie en ontwikkeling besit het.

Persone wat die keuring van die graferinge waargeneem het, was prof. dr. Dekker, prof. Meiring en die bibliotekaris mnr. H. C. van Rooy.

**„Die Grootste werk aan die hele saak, was die verwydering van die rotsgedeeltes", het mnr. Van Rooy verklaar.**

Met die bekwame hulp van mnr. Bosman is die rotsgedeeltes eindelik hierheen vervoer en die meeste is alreeds ingemessel.

Mnr. van Rooy het die hoop uitgespreek dat hierdie optrede van die Universiteitsowerhede 'n aansporing vir die studente sal wees om sulke ou kultuurskatte van Suid-Afrika meer te waardeer en waar hulle waarskynlik in die toekoms op so-iets sou afkom, erns sal maak om dit teen verwering en beskadiging te beskerm.


**T. WEVER**

BOEKHANDEL

en

ANTIKWARIAAT

vir al u

Wetenskaplike

Boeke

—:o:—

Volkskasgebou

**Telefoon 1164.**

Kerkstraat 62.

**BULT FIETS en SKOEN REPARASIEWINKEL**

**VIR BESTE DIENSTE.**

**Von Wiellighstraat 7, POTCHEFSTROOM.**

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)

OOGKUNDIGE



BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAP-LIKE GRONDSLAG.

**KERKSTRAAT 129**
**(Nasionale Bank-gebou)**
**Foon 980.**

EIE OPTIESE SLYPERY.
**Depôt: Carlzeiss-Jena.**

**GILFILLAN EN STROH**

**POTCHEFSTROOM.**

FIETSE EN
FIETSREPARASIES

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

**Elektriese Benodigdhede**
**Draadlose, Koelkaste.**

**Kerkstraat 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

**Drink en Geniet**

**S & S**

Super Dilla
en
Super Orange

**Sherr & Shakinovsky**

**AUTO LAAN**
**Foon 16**

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

**Altyd eerste met die Jongste.**

Foon 62.
**Kerkstraat 146,**

**POTCHEFSTROOM.**

*PLAZA*

TEEKAMER

**Foon 249 Kerkstraat 105**
**POTCHEFSTROOM.**

Studente !

U word beskou as eregaste in die

• PLAZA •

en daarom kan u spesiale verlaagde tariewe verwag.

# Oordenking.

„Bid, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word”. (Matt. 7: 7).

Met hierdie woorde spoor die Here Jesus Christus Sy dissipels in die bergpredikasie aan tot die gedurige beoefening van die gebed. Hy gee hulle ook die versekering dat as hulle bid soos Hy hulle geleer het, hulle gebed sekerlik verhoor sal word.

Die drie woorde ‚bid”, „soek” en „klop” word in ’n besondere betekenis hier deur Christus gebruik. Die vorm van hierdie drie woorde in die oorspronklike taal dui aan dat dit ’n gedurige gebedwerksaamheid moet wees. Ons mag dit daarom verklaar as ’n aansporing om te bid **totdat** vir julle gegee word. Soek **totdat** julle vind en klop **totdat** vir julle oopgemaak word.

Met hierdie paar woorde beveel die Here Jesus ons dat ons dit erns met ons gebedslewe moet maak. Ons gebed moet nie en mag nie ’n blote plig en formaliteit wees nie. Christus beveel en spoor ons aan om te **bid,** d.w.s. die inhoud van ons gebed moet ’n ernstige en met konsentrasie uitgesproke begeerte van ons siel wees.

Die gelowig bidder moet ook **soek.** Hy moet hom beywer en inspan, ook in die gebedslewe. Nie halfhartig nie, maar met ons hele wese moet ons tot God nader in gebed.

Christus dui verder vir ons aan dat ons gedurig moet nader in gebed tot die troon van Gods genade. Sonder ophou. Ja, ons moet klop totdat vir ons oopgemaak word.

In dieselfde vers gee Christus tegelyk die vaste en heerlike versekering: Wie só tot God nader om Hom te verheerlik uit dankbaarheid vir al Sy weldade wil Hy in guns en genade aansien en verhoor. Want as ’n aardse vader gehoor gee aan die versoek van sy kind, hoeveel te sekerder sal die Almagtige God en Vader nie die aanhoudende en opregte smekinge van Sy kinders verhoor nie.

Uit onsself is ons egter onbekwaam om intens biddende, soekende en kloppende tot Gods heilige genadetroon te nader. Slegs op grond van die verdienste van Jesus Christus, ons Borg en

## *Van S.R.- Weë*

**MASSA**

Die eersvolgende Algemene Studentevergadering sal plaasvind op Maandag, 23 Junie, om 7.00 n.m. in die Hoofgebousaal. By hierdie geleentheid sal die halfjaarlikse verslag van die Studenteraad gelewer word. Met die oog hierop wil die Studenteraad ’n beroep doen op die Voorsitters van alle klubs, verenigings en sub-komitees van die Studenteraad, om toe te sien dat hulle halfjaarlikse verslae betyds by die betrokke hoofliggame en die Studenteraad ingelewer word.

* * *

**KONGRES**

Gelyktydig met die A.S.B.-kongres, wat gedurende die eerste week van Augustus plaasvind, word ook ’n Studenteraads-konferensie gehou in samewerking met die A.S.B.-Hoofbestuur. Die doel van hierdie konferensie is om die nie-blanke beleid van die Afrikaanse student vas te lê. Ons Studenteraad steun hierdie onderneming en sal op die konferensie verteenwoordig word.

* * *

**TOERE**

Die organisasie van beide Thalia en die Alabama, vir hulle toere gedurende die vakansie, is reeds in die haak. As S.R.-verteenwoordiger vir Thalia het die Studenteraad mnr. I. J. Styger aangewys en vir die Alabama, mnr. L. J. Potgieter. Dit is vir my aangenaam om namens dit Studenteraad, beide toergeselskappe, alle sukses toe te wens met hulle ondernemings.

* * *

**„WAPAD”**

Van verskeie kante het die daar ernstige beswaar ingekom oor „Die Wapad”. Die Studenteraad het toe besluit om ’n kommissie van beheer aan te stel om toesig te hou oor die besturing van „Die Wapad”.

So kan die Studenteraad volle verantwoordelikheid dra vir wat in die Wapadbesturing gebeur. Dit dien as beveiling vir beide die redaksie van „Die Wapad” en die Studenteraad.

As gevolg van die aanstelling van die kommissie van beheer, het die hoofredakteur, mnr. J. T. Herselman, saam met ’n paar lede van die redaksie, bedank. As hoofredakteur van „Die Wapad” het die Studenteraad toe mnr. P. J. W. Louw aangestel. Ook is besluit dat die werk van die kommissie van beheer voortgesit word. Ons wil mnr. Louw en sy redaksie alle sukses toewens.

Met leedwese het ons studentegemeenskap die berig ontvang van die afsterwe van Prof. Dr. J. P. van der Merwe, wat vir soveel jare aan ons inrigting gedien het. Ons wil namens die studente en Studenteraad ons innige meegevoel betuig teenoor Mev. van der Merwe en gesin, asook die hele familie. Mag u in hierdie beproewing die genadige vertroosting van die Heilige Gees in ’n ryke mate ondervind.

J. LIGTHELM
(Voorsitter).

PARKER EN KIE
**(EDMS.) BEPERK**

Algemene Handelaars
in Ysterware

**Foon 30 Bus 245**
**POTCHEFSTROOM.**

**Besproeiings-masjinerie en Toerusting voorsien en opgerig.**

Werk gewaarborg.

**Plaasimplemente en onderdele.**
**Gereedskap vir vakmanne.**
Wapens en Ammunisie, Visgereedskap, Kombuisgereedskap, ens. ens.

*Die Wapad.*

**20 Junie 1952.**

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

**REDAKSIE.**

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw.

**Tegn. Adviseurs:** J. A. van Rooy, A. J. R. Vermeulen.

**Verslaggewers:** Mej. R. Ludorf (Sport)), Mej. M. van Heerden (Alg.) D. E. Erasmus (Sport), L. Coetzee (Alg.), J. J. Henning (Kuns) F. P. R. de Bruyn (varia).

**Administrasie:** J. J. Bekker (voors.). P. du Plessis, J. Schutte, P. Buys, D. Strydom.

# *Teken van Ontworteling van Afrikaner*

As die Afrikaner hom skuldig maak aan mense-verering, dan kom dit seker die duidelikste uit in sy neiging om sy voorgeslag, en veral die Voortrekkers, tot ’n normatiewe geslag te verhef. Hierdie neiging moet teëgegaan word—nie deur ’n reaksionêre houding nie, maar deur ’n nugtere waardering van die deugde van ons voorvaders. Indien hier dan genoem word dat ons voorgeslag se verdienstelikheid veral daarin openbaar is dat hulle in die Woord van God die voedingsbodem vir hulle lewensbeginsels gevind het, kan dit sekerlik nie betwis word of beskou word as ’n menseverheerliking nie want hulle hele geskiedenis staaf hierdie onbetwisbare feit. Hulle het net Een Boek en net een Wetgewer geken; en as na lig en leiding op hulle lewenspad gesoek is, het hulle geweet waar om dit te soek.

As ons ’n eenvoudigeg herdersvolk gebly het, sou dit sekerlik vandag nog die heersende gees van ons volk gewees het. Die seëninge van ’n mineraalryke bodem het egter spoedig sy vloek meegebring. Vreemde beginsels, lewensbeskouings en idiologië het uit alle oorde van die wêreld saam met geluksoekers in ons Vaderland gestroom en ’n groot deel van ons volksgenote meegesleur en hulle van hulle ware bodem ontwortel.

In een van ons mees gelese weekblaaie word tans die intieme verhouding tussen jongman en dame op „openhartige” wyse bespreek en seker deur baie studente van ons inrigting gelees. Hoewel in hierdie reeks artikels seksuel wanpraktyk afgekeur word, ly die strekking daarvan aan ’n ernstige gebrek aan diepte wanneer dit aankom op motifering van die afkeuring van hierdie wanpraktyke. Gewoonlik bly die motifering op die oppervlakte deur ’n beroep te doen op die gewete en selfrespek of deur op praktiese moeilikhede te wys. Die natuurwet en die verskroeide menslike gewete bepaal die norm van die optrede van die jongman of dame! Inderdaad ’n gevaarlike oorplanting van die sedewet: waar dit voorheen gebloei het op die voedingsryke akker van die Woord, word dit op humanistiese wyse oorgeplant in die karige en armoedigeg bodem van die gewete.

Dit is maar net weer ’n teken van die ontworteling van die Afrikaner se lewe en daarby ’n gevaarteken: **verontagsaming** van die Woord kan straks lei tot die uiteindelike **verwerping** daarvan.

Om hierdie rede het ons as studente van ’n Christelike Universiteit ’n gewigtige roeping om as ons eendag akademies bekwaam is, in ons omgewing en werkkring, sover dit in ons vermoë is, ons volk op hierdie ernstige afdwaling te wys

J. TOD SUTTIE
KOMPLETE
Mans-uitrusters
vir al u
**KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.**

**127 Kerkstraat,**
**Posbus 219 Foon 1**
**POTCHEFSTROOM**

**EXCELSIOR MEUBELS**

**Kerkstraat 132. Foon 743.**

**POTCHEFSTROOM.**

Met genoeë nooi ons die Studente uit om die enigste moderne

**MEUBELWINKEL IN WES-TRANSVAAL**

te kom besigtig.

Dit sal vir u ’n plesier wees om deur ons vertoonlokaal te wandel.

**KOM SIEN ONS—**

vir u

Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede

**GEEN & VELLEMAN,**

**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

# Filmvertoning vind Byval

**Weereens het die gesamentlike filmvertoning van Korps en die A.S.B. groot byval onder die studente gevind. Die bekende „Oliver Twist" is Saterdagaand 14 Junie in die Dierkunde laboratorium vertoon en nogeens is getoon dat dit 'n groot sukses was.**

Van verlede jaar af word van tyd tot tyd deur Korps en die A.S.B. filmvertonings van hoë standaard gelewer. 'n Begin is verlede jaar gemaak met die vertoning van „Hamlet".

Nieteenstaande die koue, het ongeveer honderd-en-vyftig persone die vertoning bygewoon, en was dit nie dat daar 'n konsert in die Hoofgebousaal aan die gang was nie, sou die laboratorium sekerlik te klein gewees het.

**Gedurende kort pouses wanneer die spoele verwissel is, is verversinge te koop aangebiel deur mnr. Bosman.**

Veral treffend was die goeie gees wat daar onder die studente geheers het. Gedurende die voorporgram het dit nie aan studentegrappe en „wit" ontbreek nie, terwyl die hoofvertoning met intense belangstelling gevolg is.

Ons wil die hoop uitspreek dat die besture van Korps en A.S.B. meer dikwels sulke vertonings sal lewer. Dit is immers 'n aangename manier om 'n koue Saterdagaand gesellig deur te bring!

**Stel jou voor:**

1) **Fivaz** sonder 'n snor.
2) **Paul Snyman** as 'n vrouehater.
3) **Willem Hattingh** voor 11.30 n.m. in sy kamer.
4) **Tonie Lombard** as vlieggewig bokser.
5) **Putter** sonder 'n „këttie".

CLASSIQUE MODES
Steeds die
DEFTIGSTE MODESALON
van Potchefstroom.

W. J. GROBBELAAR,
Mans- en Dames-Haarkapper
Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde
JAMAL MASJIJENLOOS PERM
Bekwame Mans-afdeling.
Sigarette en Fantasie Goedere.

P. W. BUYS
U vertoonwoordiger van
REMBRANDT.
Kockstraat 28. Telefoon 897,
POTCHEFSTROOM.

AFRIKAANSE
PERS-BOEKHANDEL
Kerkstraat, Potchefstroom
vir
STUDIEBOEKE EN SKRYFBENODIGDHEDE
Direkte verbinding met Oorsese Uitgewers.
"Steeds tot U Diens."
Foon 363. Bus 149.

# KORRESPONDENSIE

Von Weillighstraat 34,
Potchefstroom.
11 Junie 1952.

Die Redakteur,
„Die Wapad".
Meneer,

Dit is verblydend om te sien hoe die A.S.B. die gemeenskaplike belange van die Afrikaanse studente behartig en bevorder, en die blanke Christelike beskawing ter bestryding van die Kommunisme handhaaf; veral in sy beleid ten opsigte van N.U.S.A.S.

Maar in „Die Wapad" van 6 Junie 1952 het iets verskyn wat mens laat wonder of artikel 2 van die grondslag van die A.S.B. dan nou radikaal verander is.

„Dit is verblydend om te sien dat daar geen vrees meer in ons Studentebond bestaan om die politici uit te nooi na **'n vereniging wat aan 'n party-politieke organisasie verbind is nie".**

Artikel 2 van die grondslag van die A.S.B. lui:

„Die Bond het geen verbintenis met enige politieke party of organisasie nie".

Die gekwoteerde gedeelte klink bra dubbelsinnig en ons sal bly wees as die voorsitter van die A.S.B. of enige gesaghebbende op die gebied nadere inligting hieromtrent kan verskaf.

Ek dank u,
T. J. J. KRUGER.

[Dit was 'n drukfout, mnr. Kruger: Die oorspronklike lui: „. . . . na 'n vereniging wat **nie** aan 'n partypolitieke organisasie verbind is nie. Die woordjie **„nie"** is uitgelaat. Die Red. waardeer dit dat u hierdie fout onder sy aandag gebring het.—Red.]

**Willem de Klerk** het glo saam met Abraham Lincoln klei-osse gemaak by die Noordpool—vandaar sy besondere aanleg vir politiek.

* * *

**Hennie Coetzee:** Aan sy gesig kan 'n mens sien dat sy pa met skape boer.

## ONS NUWE BIBLIOTEEKGEBOU




Foto: J. L. Potgieter.

*Ons universiteitsbiblioteek, wat die afgelope aantal jare 'n moeilike tyd moes deurmaak as gevolg van die ongelukkige brandramp op 23 Februarie 1949, en sy daaropvolgende huisvesting in 'n klein en ondoeltreffende gebou. kon onlangs sy sierlike nuwe gebou betrek.*

*Hierdie gebou, wat in sy ruim studiesaal sitplekruimte vir 160 studente en in sy magasyne bergruimte vir 100,000 tot 120,000 boekdele bied, bevat verder die volgende: gerieflike kantore vir die biblioteekpersoneel, 'n vertrek vir die departemente regte, volkekunde, musiek en kuns, en 22 kantore vir departementshoofde. Die kunskamer word so ingerig dat daar ook kleinere tentoonstellings van kunswerke gehou kan word. Sodra die universiteit by die oprigting van 'n volgende gebou ander voorsiening kan maak vir departementshoofde, sal 'n gedeelte van die kleinere kantore gebruik word as studievertrekke vir gevorderde studente.*

*Die gebou is voorsien van sentrale verwarming en by die konstruksie daarvan is gepoog om die brandgevaar sover moontlik uit te skakel. By die beplanning van die gebou is besonder aandag geskenk aan die moontlikhede van toekomstige uitbreiding. Daar is voorsiening gemaak vir nog 'n verdieping en vir uitbreiding van die hele gebou na die Suide.*

*Die tenderprys vir die gebou het £43,437 bedra, en vir uitrusting het die Raad 'n ruim bedrag voorsien. Met hoë waardering kan vermeld word dat die Regering 'n bedrag van £40,000 vir die oprigting van die gebou beskikbaar gestel het.*




Foto: T. L. Potgieter.

So sien die studiesaal van die Ferdinand Postma-Biblioteek daaruit.

DAMES, BESOEK
LE CHARME
DIE MODERNE DAMES MODESAAK.
NYLON-KOUSE EN FYN EN BRUIKSAME ONDERKLERE
'n besondere aantreklikheid. Ons rokke is „duur," maar laag van prys. Vertoon u registrasiebewys en verkry
10% korting op alle inkope.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner
J. P. V.D. WALT,
L.F.V.
KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)
Foon 929,
POTCHEFSTROOM.
Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.

ELKE DAG VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

KLERASIE
vir die huisgesin
Alles wat u nodig het teen die Laagste Pryse.
GROOT WAARDE!
KLEIN PRYSE!
Spesiale Behandeling vir Skoliere en Studente.
BLACK EN KIE, BPK.



Hierdie bekende Rembrandt-figuur simboliseer dit wat betroubaar en die moeite wêrd is in tabakvervaardiging. Dit staan vir Rembrandt kurk, ongekurk en Filter de Luxe, en ook Rembrandt VAN RIJN, die ideale dineesigaret—name opreg beroemd vir die uitstaande kwaliteit wat dit aan rokers bied.
ELKE REMBRANDT-SIGARET 'N MEESTERSTUK
Kuppers R.A. 105

# MANSHOKKIE STEL NUWE REKORD OP

## *Jackie Skiet Ses Doele*

Bart de Wet en sy manne was verlede Saterdag in onkeerbare luim toe P.U. se eerste hokkiespan Proefplaas met 11—0 die loef afgesteek het. Sover vasgestel kon word, is dit die hoogste telling wat enige P.U. hokkiespan dusver nog behaal het.

JACKIE STRYDOM.

**Die hoogtepunt van die wedstryd was ongetwyfeld die puik spel waarmee Jackie Strydom voor die dag gekom het deur nie minder as ses doele te slaan nie. Jack kon geen fout maak nie. Hy was dan ook verantwoordelik vir die eerste doel na oordeelkundige spel in die sirkel. Bart de Wet (3), Charles Schlesinger (1) en Bokkie Engelbrecht (1) het die ander doele behaal.**

Na Jackie Strydom se doel, behaal hyself en Schlesinger elkeen een wat die rustydtelling op 3—0 te staan bring.

Onmiddellik na die aanvang van die tweede helfte maak J. Strydom weer so (4—0). Bokkie Engelbrecht wat gereelde tweede span speler is, het homself oortref en sy skitterende spel was meer as een doel wer wat hy hierna behaal het (5—0).

Minute later skiet Bart sy eerste doel wat die telling op 6—0 te staan bring.

Teen die middel van die tweede helfte het Proefplaas se verdediging totaal verbrokkel toe hulle kaptein uit die voorlyn na middelskakel verskuif. Hierdie verandering het so in die kraal van die Pukke gepas en is terdee deur Jackie uitgebuit deur kort namekaar nog drie doele vir Puk te behaal. 9—0.

Opvallend op hierdie stadium van die wedstryd was die totale verslaenheid en moedeloosheid van Proefplaas se twee agterspelers. Beide het in die gat op hulle hurke gaan sit en feitlik geen verdediging aan die dag gelê toe **Bart de Wet deurbreek en op sy eentjie die tiende doel aanteken nie.** Ook die laaste doel is deur Bart aangeteken en toe die eindfluitjie blaas kon die Pukke die liga afsluit met 'n weghol oorwinning van 11—0 oor Proefplaas.

Dit wil voorkom of die voorlyn nou finale vorm bereik het. Hulle het eenvoudig skitterend gekombineer en hulle lang suiwer aangeë was die uitstaande kenmerk van die wedstryd.

## KORFBAL VERLOOR MERCIABEKER-WEDSTRYD

Woensdag, 11 Junie.

**In 'n taai en spannende wedstryd waarvan die uitslag tot die laaste doel in die weegskaal was, moes die eerste korfbalspan op Handelskoolbaan die onderspit delf teen Normaal in 'n Merciabekerwedstryd.**

Die Pukke wat op een stadium met sewe punte voorgeloop het, het skitterende spel gelewer, maar Normaal het gou reggeruk en die agterstand stadig maar seker uitgewis. Vir die duur van die hele tweede helfte het beide spanne kop aan kop geloop, en met aanskoulike spel voor die dag gekom.

**T. SNYMAN SKITTER.**

Die kapteine, Tresia Snyman, het weereens getoon dat sy 'n uithalergooier is en het soms verbaas met haar ver doelgooie. Die pragtige samespel waarin veral Cecilia Jordaan en Sannie v.d. Schyff hulle onderskei het was 'n lus om te aanskou.

Kort voor die einde van die wedstryd het beide spanne kop aan kop geloop met 41 elk maar 'n strafdoel waarmee Normaal geen fout gemaak het nie het die wedstryd in hulle guns beklink.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

TOETS JOU OË by M. SINGER F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)

OOGARTS by die MOOIRIVIER APTEEK

KERKSTRAAT 155,

Foon 380 POTCHEFSTROOM.

Studente!!!

Vir al u

HANDBOEKE,
SKRYFBENODIGDHEDE,
LEERTASSE,
GESKENKE, ENS.

besoek ons en wees verseker van goeie diens.

UNIE-BOEKHANDEL

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 90.

Foon 497.

# THEOS RUK REG TEEN BLYVOOR

## O.19 NOG ONOORWONNE, WEN 36 - 0.

**Nadat Theos voor verlede Saterdag met 'n verswakte span hulle eerste nederlaag op die lyf geloop het met 8—9 teen Klerksdorp het hulle egter teen Blyvoor reggeruk en die mynspan sy eerste neerlaag toegedien.**

Kort na die aanvang van die wedstryd het Puk eerste bloed geruik toe Vellema met een van sy tradisionele swenkies die verdediging onklaar betrap het om 'n skitterende drie langs die pale te druk. Claasen vervyf (5—0). Hierna het die spel toiingrig geword en in 'n doellose skoppery ontaard. Veral du Preez, Blyvoor se losskakel was hiervoor verantwoordelik.

### Strafskop Verbrou.

Blyvoor se destruktiewe spel asook heelwat strafskoppe het veel daartoe bygedra dat die wedstryd by tye erg saai was. Toe een van Blyvoor se manne 35 tree reg voor die pale onkant betrap word, slaag Putter net-net nie daarin om die strafskop in punte om te skep nie.

Kort voor die einde was dit egter die mynspan wat Puk terugdryf tot in hulle kwartgebied. Die gevolg van 'n bal wat die Theosvoorspelers te hard uitgehaak het en skrumskakel Brink nie kon bykom nie was 'n drie wat Blyvoor se skrumskakel gedruk het. Die vervyfskop was mis en rustydtelling 5—3.

Onmiddellik na die hervatting van die tweede helfte los Vellema 'n bedrieglike dwarsskop na die hoekvlag toe en nog 'n maklike kans om punte te behaal gaan verlore toe Fanie Lombard die bal misduik in die doelgebied. Nie lank hierna nie was dit weer sulke tyd toe die skeidsregter 'n skrum op Blyvoor se doellyn beveel. Styger het gehaak en Theosvoorspelers druk Blyvoor oor die doellyn om Claasen die bal te laat druk. Die vervyfskop was mis en P.U. loop 8—3 voor.

Styger se rugbesering het hom op hierdie stadium baie gehinder. Hy kon egter op die veld bly om sy span aan te voer.

### Amper.

**Net voor die eindfluitjie het Blyvoor vir Theos lelik laat bontstaan toe du Preez die bal onderskep het met 'n oop veld voor hom. Ockert Goosen het egter soos blits van vleuel af teruggeval, du Preez ingeloop en 'n suiwer drie verydel toe hy hom duime van die doellyn af neertrek. Hierop blaas die eindfluitjie en Puk stap met nog 'n oorwinning van 8—3 op hulle kerfstok van die veld af.**

Op hierdie stadium wil dit voorkom of Theos goed op pad is om die Neser-beker in te palm. Hulle enigste struikelblokke is Normaal wat nog nonoorwonne is, maar twee wedstryde agter is

(Vervolg voet van kol. 1).

(Vervolg van kol. 3)

op die punteleer. Indien Blyvoor nou al hulle wedstryde wen sal dit teen die einde van die seisoen 'n driehoekige stryd afgee om die besit van die Neser. Verloor P.O.K. egter geen wedstryd nie, kan hulle die ligakompetisie wen.

### O.19 wen 36—0.

Ook die O.19 het nog 'n oorwinning behaal deur Klerksdorp kaf te draf. Hulle skitterende samespel, aanval en verdediging het Klerksdorp soos 'n skoolspannetjie laat voorkom. Soms het dit gelyk asof daar net een span op die veld was. Dit is feitlik 'n uitgemaakte saak dat die O.19 spannetjie wat nog geen neerlaag gely het nie ook die 3e ligakompetisie gaan inpalm.

### Ander Voetbaluitslae.

P.U. 2e span klop Witrand 3—0.
P.U. 3e span verloor teen Proefplaas 3—9.

### Punteleer.

Na verlede Saterdag se wedstryde is die puntestand in die kompetisie om die Neser-beker soos volg:—

| | S. | W. | V. | G. | V. | T. | Pe. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Universiteit** | 5 | 4 | 1 | — | 56 | 20 | 8 |
| **Normaal** | 3 | 3 | — | — | 49 | 21 | 6 |
| **Potch. Dorp** | 4 | 2 | 2 | — | 20 | 27 | 4 |
| **Blyvoor** | 3 | 1 | 1 | 1 | 22 | 14 | 3 |
| **Klerksdorp** | 4 | 2 | 2 | — | 32 | 28 | 4 |
| **Western Reefs** | 2 | — | 1 | 1 | 6 | 12 | 1 |
| **Garnisoen** | 5 | — | 5 | — | 12 | 66 | 0 |

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

Vir die kieskeurige Fietsryer:
Sopas uit Nederland ontvang:
FIETSE, MERK "HOLLAND."
MANSFIETSE ..... .... £14/10/-
DAMESFIETSE .... £14/12/6
Ook al die gewone merke van fietse in voorraad.
Verder:
OLIVETTI TIKMASJIENE,
GRITZNER NAAIMASJIENE
ens. ens.
J. HEIDEMA
Kerkstr. 30, teen die Geref. Kerk, POTCHEFSTROOM.

VIR—
Vis, Ertappels,
Verversings ens.
WELKOM KAFEE
Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM
Dis u kafee, Studente




GI-3092A